kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 284

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
waar haat is, laat ek daar u liefde bring.
Laat ek in pyn en smart vertroostend wees
en krag gee deur geloof in U, o Heer.

Refrein (slegs na strofes 1 en 2)
O Heer, help my om altyd so te leef –
om ander hoër as myself te ag,
ja, om lief te hê – ander bo myself –
en ook eerder te gee as te verwag.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
en laat ek hoop gee waar daar twyfel is.
Ek wil u lig in duisternis laat skyn.
Laat ware vreugde altyd uit my straal.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
leer my om ook soos U te kan vergeef.
Maak my bereid om aan myself te sterf,
dat ander U al meer in my kan sien.

Woorddiens

Tema: Teen watter koste?

Skriflesing: Markus 6:14-29

"To love. To be loved. To never forget your own insignificance. To never get used to the unspeakable violence and the vulgar disparity of life around you. To seek joy in the saddest places. To pursue beauty to its lair. To never simplify what is complicated or complicate what is simple. To respect strength, never power. Above all, to watch. To try and understand. To never look away. And never, never to forget."
― Arundhati Roy, The Cost of Living

Arundhati Roy is an Indian writer who is also an activist who focuses on issues related to social justice and economic inequality. She won the Booker Prize in 1997 for her novel, The God of Small Things

Broodjies vir die pad

"Jesus was killed. This is one of those facts that everybody knows, but whose significance is often overlooked. He didn't simply die; he was executed. We as Christians participate in the only major religious tradition whose founder was executed by established authority. And if we ask the historical question, "Why was he killed?" the historical answer is because he was a social prophet and movement initiator, a passionate advocate of God's justice, and radical critic of the domination system who had attracted a following. If Jesus had been only a mystic, healer, and wisdom teacher, he almost certainly would not have been executed. Rather, he was killed because of his politics - because of his passion for God's justice."
― Marcus J. Borg, The Heart of Christianity: Rediscovering a Life of Faith

Ons rasmoeras vra 'n herbesoek van ons verledes

Wilhelm Jordaan

Verskeie kommentators reken ons land het in 'n moeras van rasbeheptheid teruggeval en daarmee saam beskou al meer mense (swart, wit en bruin) hulself as slagoffers van die verre of meer onlangse verlede.

Sommige mense sê daar is net een manier om daar uit te kom: Vergeet die verlede en werk saam aan oplossings. "Die verlede" is egter 'n glibberige meervoudsbegrip. En omdat geheue so selektief is, behoort ons weer en weer mekaar se verledes te onthou sodat ons dit opnuut, en selfs anders as tevore, verstaan. Daar is 'n paar soorte verledes wat ons saam met ons die toekoms indra – en dit geld swart, wit en bruin.

Die vertroetelde verlede: Daarvolgens glo jy vas die verlede, waarvan jy reken jy die slagoffer is, bepaal onvermydelik die toekoms.

Dit is mense met 'n opgegaarde, ewige geheue waardeur elke indruk oor gister se slegte dinge herhaaldelik en blamerend in diens van jóú saak opgeroep word.

In die verhaal "Die mense wat nooit vergeet het nie" beskryf Alexis Retief dit só: "Ons kon nie vergeet nie; ons kon nie vergewe nie. As jy 'n mens ontmoet het, het jy stadig begin om alle onreg wat hy jou aangedoen het voor die gees te roep. Eers was jy versigtig; daarna nie meer vriendelik nie; en uiteindelik het julle mekaar gehaat . . . Dit het soos 'n pes in ons breine en harte versprei en ons sitkamers het katedrale van kwaadstokery geword."

Die onderdrukte verlede: Dit maak dat mense min bewustheid het van hoe die verlede op vandag se toedragte inwerk.

Hulle wil nie die verlede onthou nie en gebruik allerlei ontkennings en aggressiewe rasionaliserings om die werklikheid van 'n skandelike verlede (soos kolonialisme) gering te skat.

Die onderskatte verlede. Jy is bewus van 'n onaangename verlede (soos kolonialisme), maar jy verreken selde die langdurige, skadende uitwerking daarvan – op die ander wat dit moes verduur én op jouself wat daarby gebaat het.

Met 'n optimisme wat werklike probleme miskyk, is sulke mense dikwels buitensporig positief, gelei deur soetklinkende gemeenplase, byvoorbeeld: Neem uit die verlede wat goed is en bou die toekoms daarop; as een deur toegaan, gaan 'n ander deur oop; die donkerste uur is net voor dagbreek.

Hierdie ingesteldheid lei oplaas tot 'n kollektiewe illusie van hoop, 'n passiewe afwagting dat dinge sal regkom eerder as om

aktief deel te neem aan prosesse wat, realisties, 'n beter toekoms kan skep.

Laastens is die ideaal 'n verwerkte verlede: Dit kom uit worsteling na begrip oor hoe 'n onaangename, ontnemende verlede jóú en die ander se mensheid geskaad én gevorm het.

Sulke mense vergeet nie 'n verlede nie, maar begryp iets groters – die noodsaak om mekaar se verledes ter wille van nuwe begrip, vergifnis en respek te herbesoek. Want daarsonder is daar nie grondige hoop en rigtinggewende krag nie.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/ons-rasmoeras-vra-n-herbesoek-van-ons-verledes-20180710

"Judging others makes us blind, whereas love is illuminating. By judging others we blind ourselves to our own evil and to the grace which others are just as entitled to as we are."
— Dietrich Bonhoeffer, The Cost of Discipleship

"Earthly goods are given to be used, not to be collected. In the wilderness God gave Israel the manna every day, and they had no need to worry about food and drink. Indeed, if they kept any of the manna over until the next day, it went bad. In the same way, the disciple must receive his portion from God every day. If he stores it up as a permanent possession, he spoils not only the gift, but himself as well, for he sets his heart on accumulated wealth, and makes it a barrier between himself and God. Where our treasure is, there is our trust, our security, our consolation and our God. Hoarding is idolatry."
— Dietrich Bonhoeffer, The Cost of Discipleship

"There is a legend about a bird which sings just once in its life, more sweetly than any other creature on the face of the earth. From the moment it leaves the nest it searches for a thorn tree, and does not rest until it has found one. Then, singing among the savage branches, it impales itself upon the longest, sharpest spine. And, dying, it rises above its own agony to outcarol the lark and the nightingale. One superlative song, existence the price. But the whole world stills to listen, and God in His heaven smiles. For the best is only bought at the cost of great pain… Or so says the legend."
— Colleen McCullough, The Thorn Birds

"To spare oneself from grief at all cost can be achieved only at the price of total detachment, which excludes the ability to experience happiness"
— Erich Fromm

Erich Fromm was a German-born U.S. psychoanalyst and social philosopher who explored the interaction between psychology and society. His works include The Art of Loving; Love, Sexuality, and Matriarchy; and Man for Himself. He died in 1980.

Fromm's theory is a rather unique blend of Freud and Marx. Freud, of course, emphasized the unconscious, biological drives, repression, and so on. In other words, Freud postulated that our characters were determined by biology. Marx, on the other hand, saw people as determined by their society, and most especially by their economic systems.

Brood vir die pad

Vriendelikheid is nie dieselfde as sentimentaliteit

RRV

'Skryf vir jou peetkind elke jaar 'n brief rondom die herdenking van sy doop. En dit moet oor 'n Christelike deug handel."

Dít was die versoek van die Britse predikant Sam Wells aan sy ouer vriend, die invloedryke Amerikaanse teoloog Stanley Hauerwas.

Die tydskrif Time het Hauerwas in 2001 as Amerika se beste teoloog aangewys. Sy reaksie op hierdie eerbewys was dat "beste" nie 'n teologiese kategorie is nie.

Hauerwas, tans emeritusprofessor in teologiese etiek aan Duke-Universiteit, het aan Wells se versoek gehoor gegee, en sedert 2002 het hy 16 briewe vir sy peetkind, Laurie, geskryf.

Dié briewe, wat onder meer oor vriendskap, geduld, eenvoud, vreugde, konstantheid en vrygewigheid handel, is vroeër vanjaar onder die titel The Character of Virtue: Letters to a Godson uitgegee.

Laurie is in die Engelse stad Norwich gebore en gedoop, en vir die eerste herdenking van sy doop kies Hauerwas as tema vir sy brief die deug van vriendelikheid ("kindness").

Gegewe Laurie se geboorteplek, wys hy daarop dat Julian van Norwich, die 14de eeuse mistikus, se bekende woorde "All shall be well, and all manner of things shall be well" gegrond was in haar geloofsuitspraak: "God is kind in his very being".

Hauerwas meen ook dat vriendelikheid 'n karaktereienskap van God is en dat ons daarom tot vriendelikheid geroep word. Oor wat hierdie vriendelikheid behels, skryf Hauerwas treffend:

"To be kind is to learn how to be a creature with other creatures without regret. To be kind is to learn how to receive kindness from others without protection . . . To be kind is to know when not to speak because nothing can be said that is not false. To be kind is the willingness to be present when nothing can be said or done to make things better."

Vir Hauerwas moet só 'n vriendelikheid egter nie met sentimentaliteit verwar word nie. Sentimentaliteit is juis 'n vyand van 'n morele lewe omdat dit meen dat ons vriendelik kan wees sonder om die waarheid te dien. Sentimentaliteit verwar ook maklik oppervlakkige openbare uitdrukkings van besorgdheid met werklike teerheid.

Met die lees van Hauerwas se brief aan sy peetkind kan ons tereg wonder of die morele uitdagings van ons dag nie om meer vra as dat ons bloot die deug van vriendelikheid uitleef en goedkoop sentimentaliteit vermy nie.

Maar dalk is dit nie 'n slegte begin om mekaar minder ongeskik en wreed te behandel nie – ook wanneer ons meen ons het die reg daartoe.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/vriendelikheid-is-nie-dieselfde-as-sentimentaliteit-20180629

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877